

# St. Tarcisius
# 26 Augustus

(3de eeu)

Hierdie twaalfjarige seun word vereer as martelaar van die Eucharistie en beskermheilige van altaardienaars. Tydens die verskriklike vervolgings onder die Romeinse keiser Valerianus het hy op ’n dag, toe daar geen diaken beskikbaar was nie, ingewillig om die lewensgevaarlike taak op homself te neem om die Heilige Geheimenis (soos die Heilige Kommunie destyds genoem is) na die Christene in die tronk te neem. Op pad soontoe is hy aangeval deur mense wat probeer het om die Allerheiligste Sakrament van hom af te neem. Hy het dit met sy lewe beskerm en is uiteindelik gered maar hy was so ernstig beseer dat hy later aan sy wonde beswyk het.

© Die Oratorium Uitgewery